Hoe om weggooi-blikkies te gebruik

Graad R tot 12

Moenie ou blikkies weggooi nie, daar is verskeie artikels wat jy daarmee kan maak. Hier is ’n paar voorbeelde.

Onderwerpe: Herwinning, Veldkook, Handwerk

Stappe

1. Gebruik ’n blikkie as houer om kos in gaar te maak.

   Bak ’n bierbroodjie in ’n blikkie

   Vir die bierbroodjie benodig jy 500 gram bruismeel, ’n bietjie sout, ’n blikkie bier, olie, foelie en ’n mengbak. Meng die bruismeel en sout en gooi dan die bier by. Meng tot ’n sagte deeg. Smeer die blikkie binne met olie. Plaas ’n balletjie deeg in die blikkie (nie te groot nie). Maak ’n deksel van foelie en plaas op die blikkie. Plaas die blikkie op ’n rooster ongeveer 5–8 cm bo matige kole. Sit ’n warm kool bo-op die foeliedeksel. Laat so 25 minute om gaar te word. Haal van die kole af. Laat afkoel en smeer botter op die broodjie.

   Kook water vir koffie of warmsjokolade

   Laat die kinders self die vuur maak en die water kook. Sodra die water warm genoeg is, kry die kinders sjokoladepoeier.

   Kook ’n eier in water

   Plaas die eier in die kookwater. Kook ongeveer 10 minute vir ’n harde eier.

   Spring springmielies

   Gooi ’n bietjie olie in ’n blikkie. Bedek die boom van die blikkie met springmielies. Maak ’n deksel van foelie en plaas op die blikkie. Sit die blikkie met springmielies direk op die kole. Dit is vir die kinders groot pret as die springmielies begin spring. Moenie te veel springmielies in die blikkie plaas nie aangesien die foeliedeksel deur die springmielies opgelig kan word.

2. Bak ’n plaatkoekie bo-op ’n blikkie op ’n vuur met kole of op ’n blikkie met ’n kersie onderin. Met die kersie moet daar gaatjies in die blik gekap wees om die kers te laat “asemhaal”. Plaas stokkies onder die blikkie om dit te lig sodat daar genoeg suurstof is.

   Maak die deeg aan. Gebruik die plaatkoekiemengsel wat te koop is, dit is baie vinnig en maklik aangesien jy net eiers, melk en olie byvoeg. Draai die blikkie om. Plaas genoeg olie op die blikkie. Wag dat die olie warm is voor die deeg op die blikkie gegooi word. Wees versigtig met die omdraai van die plaatkoekie. Draai dit om as borreltjies vorm. Gebruik ’n mes en spaan om die plaatkoekie om te draai.

3. Plantpotjies – gebruik die blikkie om ’n potplant in te plant.

Stappe

4. Pennehouertjies – versier ’n blikkie om penne en potlode in te sit.
5. Lanterntjies – kap gaatjies in ’n blikkie. Plaas ’n klein kersie in die blikkie om as lanterntjie te dien.

Wenke

1. Vra kinders om blikkies bymekaar te maak.
2. Maak ’n handvatsel vir die blikkie van draad. Maak twee gaatjies in die blikkie en maak dan die draad daaraan vas. Dit kan gebruik word as houer.
3. Kinders moet skoene/tekkies aantrek voordat hulle kan help met vuurmaak.
4. Maak ’n blikkiestofie (Hoe om ’n blikkiestofie te maak).

Waarskuwings

1. Wees versigtig dat kinders nie brand nie. Hou maar die Burnshield naby!
2. Help kinders om die blikkies van die vuur af te haal. ’n Potgryper is ideaal daarvoor.

Video’s

1. Hoe om springmielies in ‘n blikkie te spring